

PREEK
15 APRIL 2018

TEKS: Jakobus 1:27: Egte en suiwer godsdiens voor God die Vader is om weeskinders en weduwees in hulle moeilike omstandighede by te staan en om jou skoon te hou van die besmetting van die wêreld.

TEMA: Godsdiens se buitekant

Jare gelede was daar 'n Cremora advertensie op TV. Die man soek die Cremora binne-in die yskas omdat hy oortuig was dat dit die plek is waar melk (ook poeiermelk) vars en koel gehou moet word. Sy soektog was tevergeefs, want hoe meer hy van die boonste na die onderste rak binne-in die yskas soek, hoe minder vind hy die Cremora. Moedeloos van frustrasie roep hy na sy vrou wat elders in die huis was: "where is the Cremora! I cannot find it in the freeze! Met 'n geïrriteerde skril stem kom die antwoord: "It's not inside it's on top! As dit 'n slang was, het dit hom gepik, want lewensgroot het die bottel Cremora bo-op die yskas gestaan.

Met godsdiens kan die vraag gevra word: Is dit iets wat binne jou of buite jou is. Daar is diegene wat glo dat godsdiens iets baie privaat en persoonlik is – iets waaroor 'n mens nie praat nie. Dit is 'n taboe onderwerp. Jy beoefen dit waar jy alleen is in jou 'binnekamer". As jy dit wel saam met ander mense soos byvoorbeeld tydens 'n erediens beoefen, bespreek jy dit nie. Jy hou dit wat jy hoor vir jouself. Dit is 'n saak tussen jou en God. As die geleentheid waar jy dit beoefen (privaat of in groepverband) verby is, dan gaan jy met die res van jou lewe aan. Daar geld ander reëls. Daar meng jy nie godsdiens met werk, politiek, sport en die gewone dinge van die lewe van elke dag nie. ons kan hier praat van die **privatisering van geloof/godsdiensaktiwiteite**.

Die dwaling is so oud soos die berge. Die ou Grieke het sedert vroeg 'n groot invloed op ons christelike denke, gebruike en gewoontes gehad, omdat dit die oorheersende wêreld-kultuur in die tyd was toe die Nuwe Testament ontstaan het. Hulle het geglo dat jy nie dit wat geestelik en verhewe was, meng met dit wat aards, stoflik en daarom van minder belang is nie. Jy meng nie godsdiens en die gewone dinge van elke dag met mekaar nie. Jy skei dit waterdig van mekaar. Tekste soos 2 Kor. 6:4 – 7:1 ens. is deur baie Christene oor jare buite konteks verstaan en het dié misverstand versterk. Daarmee saam het die verkeerde interpretasie van dié gedeeltes waar Jesus te velde getrek het teen die verkeerde openbaarmaking van jou godsdienstige pligte dié "privatisering" van geloof, ook beïnvloed (Matt 6:1-4; Matt 23 ens). By baie gelowiges was daar 'n vrees dat hulle in dieselfde slagyster van vertoon-godsdiens as die Skrifgeleerdes en Fariseërs sou trap. Daarom het hulle verkies om alles wat hulle in die naam van godsdiens doen streng privaat te hou. Daarmee het hulle, sonder dat hulle dit besef, die getuie-karakter van hul geloofslewe verduister – dit wat Jesus in Matt 5:16 bedoel het nie moet gebeur toe Hy gesê het: "Laat julle lig so voor die mense skyn, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemel is, verheerlik". Diesulkes is byvoorbeeld ongemaklik met enige openbare erkenning en/of bedanking uit vrees dat hulle God van eer sou beroof of dat mense hul goeie werke as "vertoon" sal beskou.

Teenoor die privatisering van geloof as iets persoonlik is daar die ander uiterste. Hier word **godsdiens as die beoefening van jou geloof 'n skouspel**. Die motief is om gesien en geëer te word. Hier is die fokus op wat ek uit die transaksie kan wen. Dit wat Paulus in Kol 3:17 sê; nl. "wat julle ook al sê en doen, sê en doen alles in die naam van die Here Jesus..." word omgedraai. Nie God se eer, maar my eie eer word gesoek. Dit was teen dié soort ingesteldheid dat Jesus en voor hom, Johannes gewaarsku het. Toe die skrifgeleerdes na Johannes kom om deur hom gedoop te word, het hy geweier. Hoekom? Die rede was vir hom voor die hand liggend. Baie van die godsdienstige leiers se lewens was leeg – sonder vrug! (Matt 3:7-8). Jesus het as gevolg van dié selfverheerlikingsdrang by

mense (om deur mense gesien te word en om dit wat jy doen uit te basuin) hulle aangeraai om godsdienso te beoefen dat hulself nie daarmee die aandag doelbewus op hulself fokus nie (Matt 6:1-4). In Matt 23 wy Matteus 'n hele hoofstuk aan dié saak. Let veral op verse 3, 5-7, 23-24, 25-26, 27-28, Met die beeld van mense wat die “buitekant van die beker en die skottel skoonmaak” (Matt 23:25) en “witgepleisterde grafte” (Matt 23:27) beklemtoon Jesus die leegheid/vuilheid aan die binnekant van die godsdienstige leiers. Hul is vol “hebsug” (gierigheid – vs 25) en onsuiverheid (vs 27).

Nou kom Jakobus en stel al dié misverstande reg. In sy brief beklemtoon hy dat **beide die binnekant en die buitekant van jou geloofslewe belangrik is**. In 1:19-27 beklemtoon hy dat dit wat jy hoor tot dade moet oorgaan. Hy gebruik die beeld van 'n spieël en verduidelik daarmee hoe geloof dan tot dade oorgaan. Wanneer jy in 'n spieël kyk, sê die spieël vir jou waaraan jy aandag moet gee. As jou hare vuil en deurmekaar is, was en kam dit. As jou gesig vuil is, maak dit skoon, ens. Doen jy dit nie, was die in-die-spieël -kyk oefening waardeloos. So-ook as jy Bybel lees of na 'n preek luister. As jy dit wat jy hoor nie doen nie, help al jou Bybel lees en na preke luister net mooi niks.

Jakobus gee drie wenke aan sy gehoor van dit wat hulle met doen wanneer hulle Bybel lees en/of na n preek luister.

1. **“Verdiep jou in die Woord”** (vs 25). Dit wil sê dink na oor die bedoeling van dit wat jy lees/hoor. Wat is die Here besig om vir my te sê? Wat moet ek laat staan, verander en/of aanpak?
2. **“Hou jou daaraan”** (vs 25). Dit is om die Woord as kompas te gebruik om jou weg te vind. As jy die regte weg gevind het, dan bly jy daarop en wyk nie daarvan af nie. Dit word 'n leefwyse. Hier vind ons dit wat ons met “commit” bedoel. Jy **ver-bind** jouself tot dit wat jy hoor.
3. **‘nie vergeet wat jy hoor nie, maar dit doen’** (vs 25). Dit wat jy hoor en waartoe jy jou verbind, doen jy nou. Dit is in die doen waar dit wat in die eerste twee stappe binne – in jou gebeur het nou na die buitekant van jou geloofslewe uitvloei. Dit word sigbaar. Dit is die vrug van dankbare gehoorsaamheid. Die fokus is om met dié dade God te eer en jou medemens te dien. So skyn jou lig dan voor mense dat hulle in en deur jou goeie werke God daarin en daaragter raaksien. Dit is wanneer jy alles wat jy sê en doen in die naam van Jesus aanpak.

God word gedien wanneer mense om ons die adres is waar ons dié diens beoefen. Daarom beoefen ons barmhartigheid, praat ons met mense wat ver van God leef om hulle na God toe te lei, bid ons vir siekes en bemoedig ons die wat moedeloos is. Dit is godsdienso. Dit is wat die Gees my in-fluister, raak my hart, my wil en my denke en vloei uit deur my hande, my voete my mond. Ware godsdienso word altyd hieraan gekenmerk. Dit is wat Jesus kom demonstreer het. **Dit wat persoonlik privaat tussen jou en God gebeur, word altyd publiek.** As navolgers van Jesus, volg ons Hom vanuit ons binnekamers tot op die markplein – daar waar ons doen waarvan God ons deur Woord en Gees oortuig.

Besprekingsvrae:

1. Bespreek die stelling: Godsdienso is my privaat saak. Jy het daar niks mee te doen nie.
2. Wat sê ons vir iemand wat sê: Die kerk moet sy neus uit die politiek, ekonomie ens hou.
3. Bespreek Jak 1:25 en formuleer die drie-stap metodiek wat Jakobus aanbeveel in jou eie woorde.

4. Laat Jak 1:27 nie die deur oop vir mense om voortaan te sê: ons doen mos barmhartigheidswerk en het nie nodig om ook nog die samekomste van die gelowiges by te woon nie of tyd in die binnekamer te spandeer nie. Ma.w. ek doen goeie werke en dit is genoeg.

AMEN!